

FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

Riglyne vir die Dekaaansvergunningsassesserings (DVA's) vir voorgaadse finalejaarstudente van 2023

Wanneer kwalifiseer ek vir DVA's?

Jy kan vir toelating tot 'n DVA in 'n module/s kwalifiseer indien:

1. Jy as 'n voorgaadse finalejaarstudent in 2023 geregistreer is.
2. Jy 33 of minder krediete in hoogstens twee modules kortkom vir 'n graad, diploma of sertifikaat,
OF
Jy een module van 48 of minder krediete kortkom en dit die enigste module is wat jy nodig het om graad te kry.
3. Jy 'n geldige finale punt van minstens 35% vir elkeen van die betrokke modules behaal het. Om 'n geldige finale punt in 'n module te behaal, moet jy:
 - minstens een van A2/A2S2 of A3 voltooi; en
 - minstens twee hoofassesseringsgeleenthede vir semestermodules voltooi het of minstens drie hoofassesseringsgeleenthede vir jaarmodules. Jy kan dus vir die DVA aansoek doen; selfs al het jy nie al die assesserings van 'n module voltooi nie; en
 - aan al die minimum vereistes voldoen wat in die betrokke moduleraamwerk gestel word, byvoorbeeld deelnamepersentasie en/of vlak van bevoegdheid.

Let asseblief op die volgende:

- Die hoogste punt wat jy kan behaal wanneer jy 'n DVA slaag, is 50%.
- Die DVA-reëls van die fakulteit waarin jy geregistreer is (tuisfakulteit) sal van toepassing wees. Finalejaarstudente wat vir programme in ander fakulteite geregistreer is, moet dus die toepaslike fakulteitspesifieke DVA-reëls verifieer. BDatSci-finalejaarstudente moet derhalwe die DVA-reëls van hul fokusarea se tuisfakulteit nakom, terwyl finalejaarstudente in BRekLLB en BCom (Regte) die DVA-reëls van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe moet nakom.

Hoe en waar kan ek uitvind of ek vir 'n DVA kwalifiseer?

- Jou finale punte sal ná die assesseringstydperk in November beskikbaar wees. Gaan jou finale punte en die meegaande kommentaar op jou akademiese studierekord na of op My.SUN/SUNStudent:
 - Indien jy oor 'n geldige finale punt beskik met die kommentaar **"sak"** daarby, kan jy vir 'n DVA aansoek doen op voorwaarde dat jy aan al die DVA-vereistes voldoen.

- Indien jy oor 'n finale punt beskik met die kommentaar **“onvoldoende assessering”** of **“geen assesserings voltooi nie”** en jy het nie 'n geldige finale punt nie, kwalifiseer jy nie vir 'n DVA nie.
- Indien jy vir 'n DVA kwalifiseer, sal jy in Desember 2023 'n e-pos ontvang wat jou aanspoor om vir die DVA's te registreer.

Ander belangrike inligting

- Jy MOET voor 12 Januarie 2024 elektronies vir die DVA registreer. Registreer via hierdie [DVA-registrasieskakel](#). As jy nie via die skakel registreer nie, kan die Registrateursafdeling nie doeltreffend vir die DVA's voorberei nie. Moet asseblief nie 'n e-pos stuur waarin jy ontvangserkenning van jou voltooide vorm versoek nie.
- Wanneer jy die aansoekvorm ingedien het, wag asseblief vir kommunikasie vanaf die Registrateursafdeling. (Dit sal vanaf Desember 2023 gestuur word.)
- Vanaf Desember 2023 sal diegene wat reeds geregistreer het, e-posse ontvang wat bevestig dat jy vir die DVA kwalifiseer en dit mag aflê.
- Alle DVA's sal op opeenvolgende dae in Januarie 2024 geskryf word voordat klasse begin, en geen verdere assesserings sal vir hierdie doel opgestel word nie. Daar kan moontlik vereis word dat jy meer as een assessering op dieselfde dag skryf.
- Die assesserings sal in die lesingsale van die Van der Sterr- en CGW Schumanngebou plaasvind. Die spesifieke lokale sal ter geleger tyd op die webtuiste van die Fakulteit (www.sun.ac.za/ebw) aangekondig word, of jy kan jou assesseringslokaal op die dag van assessering in die voorportaal van die CGW Schumanngebou nagaan. Maak asseblief seker dat jy minstens 30 minute voordat 'n assessering begin, by die lokaal aankom.

Indien jy enige verdere navrae het, kontak asseblief die personeel belas met EBW-sake by die Registrateursafdeling by registrarems@sun.ac.za.